

DIE ONOORSKATBARE BELANGRIKHEID VAN DIE INLEIDINGSKONSEP IN DIE GANSE LEWE, MET BESONDERE VERWYSING NA DIE PREEKINLEIDING¹

H van Blerk² & J S Kellerman³

Daar is in die afgelope dekades baie literêre aandag geskenk aan die praktiese vormgewing van die prediking. Alhoewel dit waardeer word gaan dit 'n mens se verstand te bowe dat die vormgewing van die eerste oomblikke van die preek in die meerderheid van gemelde literatuur hoogstens as 'n soort glos of addendum aan die orde gestel, en soms bloot in die verbygaan na verwys, word. Die "eerste oomblikke" ontvang egter in die ganse lewe, waaronder in verskeie wetenskappe, telkens 'n ereplek.

1. Die Geskape Natuur

Cicero (1962:438) verdedig die bestaansreg van die *exordium* nie verniet met verwysing na die natuur nie. Hy beweer dat die natuur altyd 'n aanloop het voordat dit tot uitbarsting kom. Wanneer 'n mens hieroor nadink, besef jy dat hy gelyk het. Nooit slaan 'n weerligstraal uit die bloute nie; 'n mens sien eers hoedat die wolke saampak, waarna die weer eers sy ouditiewe prelude lewer. 'n Roos gaan nie eensklaps oop nie; vir dae aaneen is daar slegs 'n roosknoppie wat talm om te ontvou. Dieselfde geld ten opsigte van die draagtydperk van 'n vroulike dier, wat die geboorte van nuwe lewe voorafgaan. Om 'n toespraak of 'n preek met 'n inleiding te begin, is dus doodnatuurlik en bykans lewensbelangrik. Selde durf 'n mens met die skopus in die huis val. Phelps (1910: 221), laat hom as volg uit oor die weglating van die preekinleiding:

To omit it would be scarcely less unnatural than day without a dawn...

- 1 Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n gedeelte van die doktorske proefskrif aan die UOVS deur dr H van Blerk onder leiding van prof dr J S Kellerman as promotor.
- 2 Dr H. van Blerk, Posbus 13, Piet Retief 2380.
- 3 Prof J.S. Kellerman, Dept Diakoniologie, Posbus 339, Bloemfontein 9300.

2. Die Kommunikasiekunde

In die Joernalistiek word na die eerste sinne van 'n koerantberig verwys as die *lead* of die *headline*. Dit is daardie openingsparagraaf wat gewoonlik donkerder as die res van die berig gedruk is.

Die belangrikheid van hierdie openingsinne blyk onmiddellik wanneer selfs die leek 'n joernalistiekhandboek deurblaai. Volgens Knoetze (1982:49) word 'n verslaggewer rondom die inleidingsparagraaf gemaak of gebreek: "Verslaggewers wat nie 'n inleidingsparagraaf kan skryf wat by wyse van spreke die ore kan laat tuit nie, is die mense wat aand na aand aangesê word om die koeldrank en die worsbroodjies te gaan koop; wat oor die hoof gesien word as dit kom by verhoging en bevordering; wat agter in die ry staan as die nuusredakteur besluit wie hy op 'n wêreldskuddende storie moet uitstuur. As 'n verslaggewer gehalte het, blyk dit hier. Dis die paragraaf wat die leser se aandag trek en hom laat besluit om voort te lees of om te blaai." Volgens Ryan & Tankard (1977:101) ag die *New York Times* hierdie inleidingsparagraaf so belangrik dat hulle spesialiste huur om dit te kom skryf. Westley (1980:131) sluit hierby aan: "Successful editors take a craftsmanlike pride in their headlines."

Die rede waarom hierdie inleidingsparagraaf van 'n koerantberig so hoog geag word, is veral omdat dit die leser, wat as gevolg van tydsebeperkings nie die hele koerant kan deurlees nie, kan help om 'n paar berigte te selekteer ... en elke verslaggewer wil seker maak dat niemand sy/haar berig, met die baie geswoeg daaraan verbonde, sal oorslaan nie. Net so hou geen prediker daarvan om gemeentelede onder sy prediking te sien slaap nie. In die erediens geld hierdie tydsebeperking wel nie so akuut nie, maar die inleiding laat ook die preekhoorder grootliks besluit of verdere aandag die moeite werd is al dan nie.

Die preek en die koerantberig is alles behalwe identies, maar die ooreenkomste weeg nietemin swaar genoeg om 'n mens te noop om die raakpunte daartussen in aanmerking te neem. Immers, die prediking van die Evangelie is elke Sondagmôre inherent varser as die hoofberig van die nuwe week se sekulêre nuus. Daarbenewens het die Homiletiek en die Kommunikasiekunde 'n geskiedenis van onderlinge détente wat nie geïgnoreer darf word nie, al wou Barth hierdie feit van die kansel vee.

Vir die Kommunikasiekunde is die beriginleiding so belangrik dat hulle twee konsepte ontwerp het waardeur hulle daaraan praktiese relif wil gee, te wete die *5 W's en die H en die omgekeerde piramide*. Hierdie interessante konsepte val ongelukkig buite die onderhawige bespreking.

3. Die Bedryfsielkunde

Volgens Lewis & Lewis (1983:25) het die wetenskap van marknavorsing die advertensie-, verkope- en kommunikasieïndustrieë van ons tyd totaal verander. Dit kan ook die Christelike prediking van bruikbare wenke voorsien. "If we really desire effective preaching, perhaps we should listen a little more to what the researchers say about demographics, and felt needs" (Lewis & Lewis 1983:25).

"Copy" is 'n belangrike tegniese term in die advertensiewese. Engel (1980:515) definieer dit bondig: "Copy is the printed words in an advertisement. Copy is made up of two main components: headlines and body copy." Dit is natuurlik eersgenoemde (die opskrif van die advertensie) en nie laasgenoemde (die fyn detailparagrafe daarvan) wat ons aandag verdien met die oog op die preekinleiding.

Die belangrikheid van hierdie "inleiding" tot 'n advertensie is opvallend. "Die opskrif van 'n advertensie dra ongeveer 75% van sy trefkrag. Dit is die telegram wat die leser laat besluit om die advertensie te lees of nie" (Picard 1970:52). Engel (1980:517) kom tot 'n soortgelyke gevolgtrekking: "The headline is the most important part of the ad, by some estimates 75 to 80 percent of its value." Sy voor-die-handliggende rede hiervoor stem ooreen met wat onder *Die Kommunikasiekunde* bevind is: die eerste woorde van die advertensie, soos by die koerantberig, laat die haastige leser besluit of hy/sy verder gaan lees al dan nie. Die eerste woorde van 'n preek het ook so 'n keuringsfunksie: die hoorder is dalk nie so haastig nie, maar eerder traak-my-nie-agtig; 'n goeie inleiding mag hom/haar laat besluit om die hele preek met erns aan te hoor. Ook Anthony (1981:63) onderstreep die belangrikheid van die eerste woorde van 'n advertensie.

Die advertensiewese gee aan hierdie belangrikheid van die advertensie-inleiding uitdrukking deurdat dit 'n spesifieke model, die *Aida*-konsep, daarvoor ontwerp het. Hiervolgens moet die eerste woorde van 'n

advertensie onderskeidelik *Attention, Interest, Desire* en *Action* in die teikengroep na vore roep.

Daar kan met vrymoedigheid hieruit gekonkludeer word dat beide die advertensie en die preek se eerste woorde as belangrik geag moet word. Daar is egter nog 'n belangrike ooreenkoms: by beide is die openingswoorde meer effektief as dit 'n illustratiewe lading het. "Die voorkoms van 'n advertensie word sterk beïnvloed deur illustrasies, kleur, ontwerp, drukletters en tekstuur van die papier. Mense is prentjebewus" (Picard 1970:54). By die preekinleiding sal 'n mens nou wel nie al bogenoemde elemente kan inkorporeer nie, maar die vyf sinuities (en die sesde) moet ook hier met behulp van illustrasies betrek word by die preekgebeure, wat gerig is op die hële mens.

Die Homiletiek kan dus met vertroue gaan blaai in die lêers van die Bedryfsielkunde, natuurlik sonder om die prediking sy unieke en verhewe karakter te laat verloor. "Die kommunikasie waarmee ons in die handelingsveld van die Christelike prediking te doen het, het natuurlik 'n eie karakter wat dit onderskei van die karaktereie van byvoorbeeld markgerigte kommunikasie of kommunikasie van 'n landboutydskrif" (Pieterse 1985:26).

4. Die Opvoedkunde

Dat die Opvoedkunde, veral die Didaktiek, en die Homiletiek raakpunte sal hê en bymekaar kan leer, lê voor die hand. Een van die woorde wat in die Nuwe Testament vir die prediking gebruik word, is immers *didaché*. Daarby word dikwels deur die evangeliste na die prekende Jesus verwys as *Didaskalos* of *Didaktikos*.

Die eerste woorde en sinne van 'n les(ing) is, soos verwag, ook vir die Didaktiek uiters belangrik. Van der Stoep & Van der Stoep (1968:289) beklemtoon die belangrikheid van 'n doeltreffende lesinleiding. Die onderwyser of dosent wat sy/haar leerstof sommer lukraak aan die skolier of student begin oordra, sal beswaarlik die lesdoelwit(te) bereik.

Ook die aanskoulikheidsbeginsel, soos ten opsigte van die preekinleiding benadruk, vind klem in die Didaktiek. Volgens Van der Stoep & Van der Stoep (1968:198) het aanskouing veral in die nuwere Didaktiek 'n al hoe meer prominente plek verower:

Die basiese gedagte was dat konkrete voorstellings met betrekking tot die leermateriaal by die leerhandeling 'n belangrike faktor is óf om die leerhandeling te bespoedig, óf om 'n suksesvolle afloop daarvan in 'n groter mate te verseker. Een rede vir hierdie siening is dat aanskouing, as didaktiese beginsel, sterk deur psigologiese winde aangewaaï is.

Die Opvoedkunde behoort dus applous te gee vir 'n illustratiewe preekinleiding. Hay (1988:222) beskou die eerste twee fases van die deursnee les nie verniet as uiters van toepassing op die preekinleiding nie: "Die inleiding van die preek korreleer met die 'aktualisering van die voorkennis' en die 'probleemstelling'." In die benadering van die preekinleiding sat dit die prediker baat om hieraan aandag te skenk.

5. Die Letterkunde

Ook in die Letterkunde word die begin as uiters belangrik bestempel. "Writers explain that frequently the first paragraph of a novel may prefigure, and even prestructure, the whole story; that a beginning can determine the course of a story and set its style" (Buttrick 1987:11). Die verwagting dat daar in die Letterkunde duidelike riglyne bestaan waarvolgens die inleiding van byvoorbeeld 'n roman aangepak moet word, word teleurgestel. Blykbaar word dit aan die kreatiwiteit van die skrywer oorgelaat, sonder om hierdeur te suggereer dat die begin hier onbelangrik is en lukraak benader mag word. Allermens!

Die letterkunde maak egter gebruik van die begrip *voorafteks* of *outeursvisie*, wat bewys dat die begin vir die Letterkunde só belangrik is dat dit reeds vóór die eerste woord van die roman of novelle al 'n strategies-belangrike rol speel.

Hierdie begrippe dui op die voorbladontwerp, uitgewer, inhoudsopgawe, motto, opdrag, ensovoorts wat deur die outeur aangewend word om implisiet met die lesers te kommunikeer voordat die verteller in die res van die boek eksplisiet kommunikeer. Indien die uitgewer bekend is vir 'n liberale lewensuitkyk, behoort dit vir die opletende lesers reeds vóór die lees van die eerste sin 'n belangrike insig oor te dra met betrekking tot die inhoud van die boek. So word die boek ook binne 'n sekere atmosfeer geplaas.

'n Treffende voorbeeld hiervan is die outeurstek van wyle Etienne le Roux se 1844. Op die omslag van hierdie boek word die vier syfers van die betrokke jaartal in baie groot formaat gedruk. Dit help om die verwagting te skep dat dit 'n belangrike jaar was. Gemelde syfers word daarbenewens in onversoembare kleure uitgebeeld. Dit suggereer van meet af aan die konflik wat die leser in die boek kan verwag. Verder word die betrokke jaartal 'n paar keer herhaal voordat die roman werklik begin. Die jaar 1844 móét belangrik wees ...

Die eerste woorde van die boek is egter 'n baie groot antiklimaks. Bogenoemde elemente het die verwagting geskep dat 1844 'n belangrike jaar was ... hierteenoor lees 'n mens egter reg aan die begin: "In die jaar 1844 het weinig van belang gebeur; trouens, dit was seker een van die onbelangrikste jare in die bloedige chronologie van die mens se bestaan op aarde" (Le Roux 1967:11).

Hierdie outeursvisie van die Letterkunde herinner die homileet aan die belangrikheid van die pastorale begeleiding van die gemeentelid deur die prediker (waardeer baie inleidings gestimuleer word) en aan die rol van die liturgiese elemente wat die preek voorafgaan. Die preek en sy inleiding staan nooit los van aanleidende faktore nie. Pastoraat en liturgie wat met profetiese erns verrig word, kan veel vir die preek (inleiding) beteken. Ook beklemtoon die vooraftekste die belangrike wisselwerking tussen teks en situasie.

6. Die Sielkunde

Die Sielkunde het nie, soos die vorige wetenskappe, 'n tasbare "produk" wat met die preekinleiding vergelyk kan word nie. Dit beteken egter geensins dat die Homiletiek niks ten opsigte van die preekinleiding by die Sielkunde kan leer nie.

Eerstens is dit 'n algemeen bekende en bewese feit dat 'n suggestie, wat aan die begin van 'n sielkundige sessie deur die terapeut gegee word, 'n bepalende invloed het op dit wat volg. Vanweë die gekompliseerdheid van hierdie saak, en die gebrekkige psigologiese kennis van die skrywer, gaan dit nie hier onder die loep geneem word nie, hoewel dit beslis iets te sê het vir die benadering van die preekinleiding. Die verskil tussen die preekgebeure en 'n sielkundige terapiesessie is egter groot genoeg om hierdie saak hier, sonder gewetenswroeging, links te laat lê. Tweedens

word by die Sielkunde 'n groot klem op die visuele begrepenheid van die mens gevind. Vergelyk hier maar net die gebruik van boublokkies, rollespel en sketse in terapeutiese sessies. Die visuele is 'n aspek wat ook rondom die preekinleiding benadruk moet word. Dit is noodsaaklik om laasgenoemde kortliks te ondersoek.

Volgens Bunzan (1986:37) het Sperry, wat in 1980 'n Nobelprys vir sy breinnavorsing verower het, ontdek dat die menslike brein in twee psigologiese helftes verdeel is, waarvan elk verskillende geestelike funksies vervul. Hy het vasgestel dat die oorwegende deel van die linkerbrein te doen het met logika, kritiese en analitiese denke, liniêre volgorde, leesaktiwiteit en taalbeheer. Die regterhemisfeer van die brein, daarenteen, kan verbind word met verbeelding, dagdromery, kreatiwiteit, visuele geheue, gevoelens, dimensie, ritme, musiek en kleur. Dit is opvallend dat veral laasgenoemde groep breinfunksies sterk in verband staan met wat van 'n visuele preekinleiding verwag behoort te word.

Lewis & Lewis (1983) toon in hul inleidingsbladsye aan hoedat historiese omstandighede daartoe gelei het dat die regterhemisfeer van die menslike brein nog nooit na behore benut is nie, ook in die prediking: "Gutenberg hooked humanity on the printed word and corraled much of our cerebral life into a left-brained pattern of linear logic. And for five centuries the bulk of our teaching and preaching has been built on this foundation." Volgens hulle het die wiel egter gedraai: "Today the reverberations of a new revolution are shaking the old foundation. The printing press is no longer the primary means of collecting or communicating human thought. Most knowledge is now stored on microfilm or in computer memory banks and communicated by blips on a screen or photo-electronic printouts ... We've already crossed the threshold into a new era - the age of visual literacy."

In so 'n veranderende, visueel-gestempelde wêreld, waarin skoliere deesdae meer ure voor die televisiestel as op die skoolbanke deurbring en waarin ook die volwassenes al hoe minder analities (verhoudingsgewyse) gestimuleer word, sal die prediking van die kerk hierdie veranderinge nie sonder skadelike gevolge kan verontagsaam nie. Die prediker sal hom toenemend daarop moet toespits om ook die regterhemisfeer van sy hoorders se breine in die preekgebeure te betrek. Immers, die prediking is gerig op die hele mens, of so word dit ten minste teoreties vereis.

Volgens Lewis & Lewis (1983:10) betrek die tradisionele preek basies net die linkerhemisfeer van die prediker en hoorders se breine omdat die Homiletiek baie swaar leun op analise, logika en taal. "Sermons often stress intellectual concepts more than imaginative or inventive ingredients, a sequential instead of a holistic view, facts over feelings, rational rather than relational orientations." Terselfdertyd rig die kulturele kommunikasie-revolusie mense juis in 'n ander rigting. Vir die eerste keer in 500 jaar is die regterbrein die prominente faktor en vereis dit betrokkenheid in die lewe en in die leerproses. "Our listeners are no longer hooked on printed words and linear logic ... the microphone puts the ear in the centre of the sounds. The camera takes the viewers' eyes into the thick of the fray, the football, the fun ... involvement becomes a way of life and sensory discovery becomes a primary way of learning" (Lewis & Lewis 1983:10). Volgens hulle sal 'n krampagtige vasklou aan die afgelope eeue se homiletiese tradisie veroorsaak dat daar 'n onoorbrugbare kloof tussen die weeklikse betrokkenheid en ervaringe van die preekhoorders en die vaal, situasievreemde preekdekrete van die daaropvolgende Sondag ontstaan. Hierdie kloof bestaan alreeds; vandaar, onder andere, die omvang van kerkvervreemding en die onlangse polemieë oor *Skoppende preke. Lewensvreemdheid in die Kerk lei maklik tot Kerkvreemdheid in die lewe.*

Lewis & Lewis sien die oplossing vir bogenoemde dilemma in 'n omgeswaai vanaf deduktiewe na induktiewe prediking omdat laasgenoemde, anders as by preke wat vanuit 'n algemene (kerugmatiese) stelling funksioneer, aansluit by lewensegte besonderhede, van waaruit die prediker saam met die demokratiese hoorder, konkludeer na 'n algemene stelling naby die slot. Beide induktiewe en deduktiewe prediking het egter voordele en nadele, 'n saak wat nie hier bespreek kan word nie.

Hoewel hul bekommernis oor die gevolge van regterbrein-armpreke in 'n regterbrein-gestimuleerde wêreld gedeel word, lê die oplossing elders, naamlik in die preekinleiding. Laasgenoemde bied baie moontlikhede vir 'n sintese tussen deduksie en induksie, asook tussen linkerbrein- en regterbreinbenutting. 'n Induktiewe inleiding (wat die regterbrein met behulp van lewensegte, assosiatiewe gegewens betrek) moet gekoppel word met 'n deduktiewe (tekstematiese) preek (wat die linkerbrein met behulp van logiese, analitiese denke betrek). Die koppelingspunt is die

preekskopus, as klimaks van die inleiding en, terselfdertyd, as uitgangspunt van die preek.

Die voordele van hierdie benadering strek verder as die erediens self. Predikers bid gedurig dat die Heilige Gees ook die Naprediker sal wees. Ook hier is die regterbrein 'n potensiële Pneumatologiese instrument. Na die regterhemisfeer word in die algemeen verwys as die stoor van die brein. Dit betrek dus die menslike geheue, waarsonder 'n preek nie maklik uitgeleef kan word nie. Volgens Noeth (1988:23) kan die menslike geheue in drie ingedeel word:

- Die verbale geheue help die mens om sinne, ensovoorts, te onthou. Die oor is hier 'n belangrike faktor.
- Die visuele geheue stel die mens in staat om beelde, ensovoorts, te onthou. Die oog is hier prominent.
- Die kinestetiese- of doengeheue help die mens om bewegings te kan onthou. So word dit vir 'n persoon moontlik gemaak om te leer swem, ski of kitaar speel.

By elke mens is een van hierdie geheues dominant. By Thomas was dit die visuele geheue. Daarom was *sien* vir hom *glo*. In die prediking moet al drie geheues daarom aangespreek word, sodat die brein na gelang van die betrokke dominansie kan selekteer. In Totius se gedig, *Nag op see*, word al drie geheues treffend deur die digter ingespan.

Die kerk lewer sy Woordverkondiging in 'n visueel gestempelde wêreld, waarin 'n magdom visuele prikkels, wat so maklik deur die (regter)brein geabsorbeer en verwerk word, die godsdienstige lewe wil aftakel. Die Sielkunde maan die kerk dus onregstreeks om hierdie negatiewe visuele prikkels nie met rus te laat nie, maar om dit met positiewe visuele prikkels, waardeur die boodskap van die Lewe die boodskap van die dood uit die regterbrein (en uit die hart) kan verdring, te beveg. Aan die lewensegte, illustratiewe preekinleiding word hierdie tender met hoop toegestaan.

7. Die Klassieke Retorika

Dit is nie net bogenoemde wetenskappe wat die inleidingskonsep so hoog, aanskrif nie. So, byvoorbeeld, was ook die oordeel van die klassieke Retorika.

Volgens Hoekstra (1975:418) het die klassieke Retorika met klem gewys op die onmisbaarheid van die inleiding. Dijk (1955:175) is dit hiermee eens wanneer hy vra:

Heeft een preek een inleiding nodig? Mogen en kunnen we niet terstond met de verklaring van de tekst beginnen? De oude rhetorica zou op deze vraag bij monde van Cicero antwoorden dat de natuur niet terstond haar volle kracht ontvouwt maar een aanloop nodig heeft; een redenaar als Chrysostomus heeft de inleiding verdedigd met het argument, dat er geen lichaam is zonder hoofd en geen redevoering zonder inleidend woord, en door alle eeuwen heen heeft de rhetorica zich ook van de inleiding bediend ...

Hierdie natuurlike toegeneënthed jeens die inleiding, of hoe dit ookal genoem is, het ook strukturele neerslag gevind in die toespraakindelingen van die retorici. Dit is opvallend dat die verskillende beroemde retorici se indelings van 'n rede soms effens gevarieërd voorkom, maar dat die *exordium* of *proemium* feitlik klokslag die eerste deel is van die indelings. 'n Mens wil amper so ver gaan as om te beweer dat die inleiding die mees vanselfsprekende bestanddeel van die klassieke rede was.

Cicero (106 vC - 43 vC), soos reeds gemeld, verdedig die bestaansreg van die inleiding met 'n verwysing na die natuur. Om 'n toespraak met 'n inleiding te begin, is dus dood natuurlik. Cicero (1969:40-52) stel die doel of funksies van die *exordium* ondubbelsinnig: "reddere auditores, benevolos, attentos, dociles." Die inleiding moet dus die gehoor se toegeneënthed jeens die spreker verseker, hul aandag verkry en hulle voorberei om die boodskap te ontvang. Met eersgenoemde doelwit is daar probleme, sou dit toegepas word op die preekinleiding. Die preekinleiding mag nooit gebruik word om die hoorders se guns te wen nie. Immers, die preekhoorders kom luister nie primêr na 'n mens, soos in 'n hofsaal of tydens 'n openbare toespraak nie, maar na God self. Daarbenewens verkeer hoorder en prediker na die seëngroet reeds in 'n toestand van Goddelike guns ... die Koning het sy septer na almal uitgesteek. Die *captatio benevolentiae*, soos wat dit gesoek word in die inleiding van die retoriese rede, is juis een van die brommers in die salf van die preekinleiding. Die tweede en derde doelwitte van die inleiding, soos deur Cicero

uiteengesit, is vir die Christelike prediking wel toepaslik, hoewel in aangepaste vorm en met gesuiwerde motiewe.

Hoewel Quintilianus (ongeveer 35 nC - 100 nC) die rede, anders as Cicero, in agt, in plaas van ses, dele indeel, kom hy met Cicero daarin ooreen dat ook hy die *exordium* as beginpunt van die rede beskou. (Quintilianus 1933:514-518) Volgens Quintilianus (1960:8) is die enigste doel van die *exordium* om die gehoor vir die res van die toespraak voor te berei. Ook Aristoteles (384 vC - 323 vC) beskou die inleiding as die eerste deel van die toespraak. In sy vierdeling van die rede volg hierop die stelling, die bewys en die epiloog (Aristoteles 1975:424-426) Blackwood (1947:106) gee Aristoteles se siening van die doel van die inleiding soos volg weer: The most necessary business of the exordium, and this is peculiar to it, is to throw some light upon the end for the sake of which the speech is made. Daar word in breë hiermee akkoord gegaan.

Die kerkvader, Augustinus (354-430 nC), het geglo dat die prediker krities kon leer by die retorici, sonder om alles klakkeloos toe te pas in die prediking. Wat die inleiding self betref, word volstaan met Blackwood se weergawe van Augustinus se siening daarjens: "A beautiful house should be known as such even at the vestibule, and at the first step within there should be nothing of darkness, for the light of the lamp placed there shines upon the parts without" (Blackwood 1947:100).

8. Die Messiaanse Voorbeeld

Hier staan ons by die kroonslagaar, sover dit die bestaanreg van die preekinleiding betref. Ons pleidooi vir die preekinleiding eggo eintlik maar net die preekinleimetode van die Grootste Prediker van alle tye. Jesus Christus het nooit 'n boodskap aan sy hoorders gebring sonder om met die boodskap aan te knoop by die alledaagse leefwêreld van sy hoorders nie. Ons mag dalk nie altyd Jesus se hermeneutiek wil navolg nie, maar die prediker wie se preekinleimetode verontagsaam, laat sy eie prediking baie potensiaal ontbeer. Lewis & Lewis (1983:68) vra asof wanhopig:

Why do we use Christ's life and words as the bricks and mortar to construct our theology, our systems of ethics, our theories of philosophy and then neglect to study his method and concepts for preaching? ... Time and again Jesus trips the memory banks of his

hearers. He triggers interest and involvement with constant appeals to universal human desires, needs and experiences. His sermons are neither academic exercises in intellectual regimentation nor mere ethical advice. He digs into life.

Volgens Barkey Wolf (1968:19) het die bekende vir Jesus voorop gestaan. Daarvandaan het die weg gemaklik na die onbekende geloop:

Vlak na een gebeurtenis, waarover iedereen in de dagen de mond vol meet hebben gehad (eerste klas voorpagina-nieuws voor een Jeruzalemse 'Telegraaf') naamlik toen in Siloam een toren was ingestort en aan enige mense het leven had gekost, startte Hij in Zijn prediking van dat nuws van de dag, vandaar kwam Hij tot de waarheid van zijn boodskap.

Jesus het dus vanuit die wisselwerking tussen Woord en lewe gepreek, in plaas van vanaf Woord na lewe, soos Barth vir die menslike prediking dit bepleit het, en soos talle vandag nog, onder die dekmantel van vroomheid, vereis. Jesus het sy preke veral met behulp van drie elemente ingelei, naamlik die *illustrasie* (waaronder die *gelykenis* en *metafoor* gerieflikheidshalwe gereken kan word), die *verhaal* en die *vraag* (en/of teenvraag). Ongelukkig kan ons nie hier oor hierdie hoogs interessante onderwerp uitwei nie. Dit is egter duidelik dat bogenoemde drie preekinleidingslemente nie bloot interessantheidshalwe of dekoratief deur Jesus aangewend is nie ... die waarde daarvan is veel groter, soos uit die volgende kenmerke sal blyk:

- *Inleidend*. Jesus se illustrasies, of dit 'n gelykenis, metafoor, analogie, verhaal of wat ookal is, het sy hoorders immer ingelei na 'n dieper waarheid. Teoloë is dit hiermee grootliks eens met mekaar. "He doesn't use them merely as teasers ... Jesus little stories are tied to very big ideas" (Lewis & Lewis 1983:69).
- *Onselfstandigheid*. Barkey Wolf (1968:16,23) toon aan hoedat Jesus se illustrasies nooit selfstandig geword het nie, maar altyd in diens was van sy boodskap.
- *Aktualiteit*. Verder is dit insiggewend om daarop te let dat Jesus sy inleidings nie net gemaak het na aanleiding van sy boodskap nie, maar dat Hy ook die hoorders en hul leefwêreld sterk laat inspeel het op sy keuse. Sy inleidings het dus ontstaan in die wisselwerking tussen

Woord en situasie. Hierdie insig is 'n konyunkap vir die ietwat vroom menslike elfde gebod dat die teks alleen die inleiding mag voortbring. Trouens, die situasie het in Jesus se preekinleidingskeuse dikwels net so sterk ingespeel as die boodskap self. Dit is dan juis wat *inleiding* wil sê: lei die hoorder vanuit sy/haar situasie in na die boodskap van die Woord. Dit moet egter duidelik gestel word dat die Woord, ook waar die situasie die inleiding help voortbring, die primêre faktor is: sonder die lig van die Woord sou die situasie-element in die duisternis gehul gebly het, en onbruikbaar vir die inleiprotes na die Woord. Daarby bly die Woord ook altyd die keurder van hierdie "sekulêre" inleiding.

- *Aanpasbaarheid*. Omdat Jesus Christus dus groot erns gemaak het met sy hoordersituasie, volg logies dat sy prediking (en inleidings) baie aanpasbaar was. "Een zondares spreek Hij heel anders aan (Johannes 8:11), dan de blinde leidlieden (Johannes 9:41; Mattheus 23). Nicodémus pakt hij heel anders aan, dan de los-levende Samaritaanse vrouw (Johannes 3 en 4)" (Blok sa:113).

Die statistieke versterk die betoeg in hierdie artikel. Volgens Jones (1958:138) was meer as die helfte van Jesus Christus se openbare lering, wat goedskiiks ook as *prediking* getipeer kan word, in die vorm van gelykenisse of vergelykings. Barkey Wolf (1968:13) se navorsing lewer soortgelyke resultate: "Hebben wij ons wel eens gerealiseerd dat de gelykenissen in het Evangelie van Lukas ongeveer 52% van het totaal van Jezus onderwijs innemen? Meer dan de helft van de evangelische memoires is dus in beeldvorm gegeven; en voor het geheel van het ons meegedeelde onderwijs van Jezus ligt het percentage nog hoger - ongeveer 75 percent. Ongetwijfeld een uiterst indrukwekkende verhouding." Om 'n eksakte getal gelykenisse van Jesus vas te stel is as gevolg van faktore soos relatiewe definiëring moeilik. Dat daar ver meer as 50 gelykenisse van Jesus in die Bybel opgeteken is, is verhewe bo twyfel.

Dieselfde statistiese profiel omgewe Jesus se gebruik van metafore. Robinson (1904:114) het 164 metafore in die Sinoptiese evangelies gevind - 56 net in die Bergpredikasie. Dit is dinge uit die alledaagse lewe soos brood, sout, lig en water, wat gebruik word in die bediening van die Groot Evangelie.

'n Mens sou graag 'n gesistematiseerde lys van Jesus se "preekinleidings" en ander illustrasies wou saamstel. Die vraag is egter: waar begin 'n mens met so 'n oormag, soos dit blyk uit die statistiek hierbo? Daarom

word maar net een voorbeeld genoem: die vier evangelies. Die evangelies is een groot voorbeeld van lewensegte preekinleidings, hetsy in prediking of in pastoraat. 'n Mens kan maar net dink aan hoe Jesus by die visvang-situasie aangesluit het toe Hy in Matteus 4 die twee vissermanne geroep het om sy dissipels te word. Vir Simon Petrus en Andreas het Hy nie gesê "Kom help My om die eyangelie aan mense te bring nie", maar "kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak" (Matt 4:19).

Selvs frases wat as gevolg van die geeykte gebruik daarvan in die eredienssfeer as "geestelike" frases beskou word, is fundamenteel lewenseg van oorsprong en metafories van aard. "Obviously, phrases such as 'born again', 'new age', 'new humanity', 'kingdom of God' found in the Bible, are metaphors that relate to the reality of a new-order redemptive society" (Buttrick 1987:124).

Hulle vir wie Jesus Christus uitgestuur het met 'n gevolmagtigde preekopdrag, het nie onverskillig gestaan jeens die preekmodel van hul Meester en die "ontvangstoestelle" van hul hoorders nie. Hoewel persoonlikheids- en ander verskille ook klemverskille tot gevolg gehad het, kan van die prediking van al die apostels, soos wat dit in die Nuwe Testament neerslag gevind het, gesê word dat dit (inleidend-)beeldryk was. Ongelukkig kan ons nie hier daarop ingaan nie; dit is egter ooglopend duidelik vir elke Bybelleser.

9. Die Preekgeskiedenis

Die belangrikheid van die preekinleiding blyk ook daaruit dat dit telkens in die verlede 'n prominente plek ingeneem het.

- *Die vroeë kerk.* In hierdie tydperk is daar relatief min aandag aan die preekinleiding gegee. Waar dit wel voorkom, is dit te danke aan die invloed van die klassieke Retorika en die voorbeeld van Jesus Christus en die apostels (Brilioth 1965:35). Die illustrasies en inleidings wat hier, veral sedert die vierde eeu, gebruik is, is uit die natuur geneem (Dargan 1974a:70). Caesarius, weer, was lief vir inleidings uit die daaglikse lewe (Dargan 1974a:127).

Veral die Griekse predikers het graag 'n preekinleiding gebruik. Dargan (1974a:116) en Brilioth (1965:36) wys dat Chrysostomus breedvoerig aan die inleiding aandag gegee het, terwyl Jonker en andere (sa:96) 'n voorbeeld vermeld waar Chrysostomus een oggend sy preek ingelei het met

'n verwysing na bedelaars wat hy op pad kerk toe teëgekom het. Dit is nogal insiggewend dat een van die bekendste predikers van alle tye 'n inleidingsprediker was. Dit sê iets oor die waarde van die inleiding. Daarby word die beswaar teen die inleiding, naamlik dat dit die Woord verdring, ook deur Chrysostomus se preekvoorbeeld bestry. Brilioth (1965:36) beskou hierdie aangrypende inleidingsprediker terselfdertyd as die "foremost biblical expositor among the church's preachers before the time of the Reformation." In die Weste was die inleiding se profiel laer. "Augustine avoids the elaborate, often somewhat extended introductions which the Greek preachers loved" (Brilioth 1965:53).

- *Die Middeleeue.* Hierdie is die tydperk waarin die inleiding die meeste aandag ontvang het. "... the demand for a specific subject and a logical introduction remains as the most important contribution of the Middle Ages to the development of preaching" (Brilioth 1965:82). Die Skolastiek met sy fyn preekindings het natuurlik hier 'n beduidende rol gespeel. Ongelukkig het onder andere die Middeleeuse inleiding meegewerk tot die verdringing van die Woord van God ... of waarvoor anders was die Reformasie nodig? Veral die sogenaamde populêre predikers was lief vir illustratiewe preekinleidings en elderse illustrasies (Dargan 1974a:244). Dit sê weereens iets oor die waarde van goeie inleidings. Die gebruik van fabels in die prediking het veroorsaak dat die inleidings baie lank geword het, ten kwantitatiewe koste van die Woord in die prediking. Verder het dit vir die bisarre element tafel gedek in die preek. Dargan (1974a:327) meld in hierdie verband hoedat Christene in 'n preek met behulp van 'n fabel tot in die fynste detail met hase vergelyk is. So is die Woord ook kwalitatief geskaad in die prediking. Antonius van Padua, Nicholaas van Straatsburg en De Vitri is maar net drie preekinleidingseksponente uit hierdie tyd.

Die groot klem op die inleiding en op illustrasies het in die Middeleeue uitgeloopt op die samestelling van versamelings illustrasiemateriaal. Hieruit ken predikers vryelik anekdotes, voorbeelde, fabels en ander hulpmiddele vir hul preekinleidings put. Die regdenkende homileet behoort 'n afkeer te hê aan sulke bundels: dit skaad die egtheid van die preek en belemmer die funksionering van Gees en Woord deur die prediker en situasie heen. Verder werk dit luiheid in die hand en is dit by versuim van bronerkenning 'n oortreding van die negende gebod. Kortom: dit verwoes die aangrypingsaspek van die preekinleiding.

- *Die Hervorming.* Tydens die Hervorming is gepoog om die Woord weer primêr te stel in die prediking. Die Middeleeuse wanpraktyke, soos die onbeheerde gebruik van fabels en legendes, is daarom die deur gewys ... ongelukkig is die inleiding en preekillustrasies, in oorreaksie, daarmee saam uitgeboender, so asof Woord en inleiding nie saam in 'n preek plek mag kry nie. Dat die Middeleeuse weergawe van die inleiding by die Reformatore se prediking die trekpas gekry het, word waardeur, maar ongelukkig het die begrip inleiding in sy totaliteit hier in onguns verval binne die konstruksie van die analitiese prediking. 'n Mens sou wou gehad het dat die Reformatore ook die inleiding met behulp van die Woord hervorm.

Volgens Van Oosterzee (1985:400) word die inleiding by Luther vergeefs gesoek. Brilioth (1965:111) kom basies tot dieselfde oortuiging. Dieselfde word deur Jonker en andere (sa:122) en Dargan (1974a:448) ten opsigte van Calvyn se prediking gesê.

Die les van die Reformasie met die oog op die preekinleiding is: moenie die inleiding verwaarloos in die strewing om die Woord suiwer te preek nie. Die inleiding is juis 'n dienskneg, 'n medium in diens van hierdie doelwit. Om een of ander rede is die inleiding egter altyd verwaarloos in tye waar teruggekeer is na suiwer, eksegetiese prediking. Dit mag nie weer gebeur in hierdie tyd waarin ons vandag met behulp van struktuuranalise en ander metodes 'n hernieude klem op Woordprediking ondervind nie. Immers, ons het nie 'n Middeleeuse uiterste waarteen ons hoef te (oor)reageer nie.

- *Die post-Reformatoriese tyd.* Gedurende die eeue ná die Hervorming het die godsdienst in talle uiteenlopende stromings gevloei, waaronder die Piëtisme, Ortodoksie en Humanisme. Dit bring mee dat daar nie maklik 'n algemene gevolgtrekking rakende die profiel van die preekinleiding in hierdie tydperk gemaak kan word nie. Dit blyk egter dat die inleiding in hierdie eeue weer plek-plek spontaan opgelewe het, so asof die onderdrukking daarvan tydens die Reformasie onnatuurlik was.

Brilioth (1965:135) gee ons in 'n verwysing na Spenser met een oogopslag 'n dubbele blik, en wel op die gebruik van die inleiding deur sowel die Piëtisme as die Ortodoksie: "Here he found help in the old preaching pattern of orthodoxy, by using the *exordium*, which often became senselessly long, as the occasion for presenting the methodical instruction

which could not be included in the exegesis of the pericopes." Volgens Brilioth (1965:126,127) is daar ook tydens die Humanisme geleidelik toenemende klem op die *exordium* geplaas, soveel so dat dit 'n onafhanklike deel van die preek geword het. Ook hier het die inleiding sy lengtebakens ten koste van die res van die preek oorskry.

Tydens hierdie era is die inleiding in die Lutherse Homiletiek so uitgebou dat dit die teks gedomineer het (Brilioth 1965:131). Die motief daaragter was variasie. Met behulp van verskillende inleidings is gepoog om een teks altyd nuut te laat klink. So kan dit beskou word as voorloper van die hedendaagse Duitse klem op *Verfremdung*.

Hier het die inleiding met die oog op variasie die Woordboodskap ongelukkig gevarieer ... dit mag nimmer!

Eksponente van die gebruik van die preekinleiding in hierdie tyd is volop. Die feit dat veral bekende name hier genoem kan word, wys opnuut dat die goeie inleiding 'n groot bydrae kan maak tot aangrypende prediking. Die bestudering van die preke van manne soos Dwight Moody, Thomas Guthrie, A K Straatsma, D A van den Bosch en andere het getoon dat illustratiewe inleidings op een of ander wyse in verband staan met aangrypende prediking. Dreyer (1974:50) het in sy studie oor Van Oosterzee bewus geraak van hierdie "groot" homileet en prediker se voorliefde vir die inleiding: "Die inleidings tot sy preke vertoon 'n groot verskeidenheid en afwisseling, en hy slaag daarin om telkens met 'n boeiende inleiding voor die dag te kom. Dit wissel van beelde uit die alledaagse lewe, uit die natuur, tot voorbeelde uit die Bybel."

- *Die huidige eeu.* Volgens Lerle (1972:28,29) het die preekinleiding sedert die jaar 1900 min aandag gekry, onder meer omdat die liturgie in sekere kringe as 'n soort preekinleiding beskou is en vanweë dogmatiese besware daarteen. So het iemand soos Karl Barth die inleiding uit Homiletiekhandboeke en van die kansel af probeer haal. Lerle (1972) beskou, soos Jones (1958:154), die inleiding daarom tereg as die swakste onderdeel in die Homiletiek en in die preekpraktiek. Hierdie dalende grafiek van die inleiding is natuurlik ook deels te wyte aan die natuurlike opeenvolging van eb en vloed.

Die inleiding kon in die bestek van twintig eeue egter nog nooit permanent uit die prediking geban word nie ... telkens het dit teruggekom, want uitsterf kon dit nooit ... net om maar weer terug te sak omdat dit by die

terugkoms nog nooit op 'n vaste, homiletiese fondament vasgesement is nie. In hierdie huidige tyd met sy visuele klem, maar ook met sy tragiese kerkvervreemding, moet hierdie leemte gevul word!

10. Die Homiletiese Applous

Rondom die preekinleiding tref 'n mens 'n onverstaanbare ironie aan. Aan die een kant word bitter min bladsyruimte in homiletiese handboeke aan die detail van inleidingmaak afgestaan; aan die ander kant dawer homilete van formaat dit uit dat 'n goeie preekinleiding uiters belangrik is.

Van Oosterzee (1895:400) sê dat die maak van 'n goeie inleiding een van die moeilikste take is waarvoor 'n prediker gestel word, maar terselfdertyd oortref min dinge rondom die prediking 'n goeie, doeltreffende inleiding in waarde. Volgens Sangster (1972:111) is dit onmoontlik om die belangrikheid van die begin van die preek te oorbeklemtoon, terwyl De Klerk (1977:113) dit van wesenlike en aktuele belang ag hoe die preek begin. Pieterse (1985:183) is dit hiermee eens: "Met die inleiding is die lot van die preekgebeure meestal beslis." Die vuurhoutjie moet met die eerste trekslag vlam vat...

Hierdie pro-inleiding standpunte kan uiteraard vermenigvuldig word, maar dit word daar gelaat. Die waarde wat homilete aan die inleiding heg, is egter reeds duidelik aangetoon. Hierdie waarde lê veral op die volgende vlakke:

10.1 Natuurlikheid

Hiermee word twee dinge bedoel. Eerstens vorm die menslike spreke altyd, selfs onnadenkend, 'n inleiding. 'n Mens kan maar net dink aan hoe twee mense altyd 'n oog-tot-oog- of telefoongesprek begin. Tweedens word hiermee bedoel dat die prediker maar net in die natuur kan lees om te sien dat natuurverskynsels altyd 'n aanloop het.

Litfin (1986:227) sê dat die inleiding al 3 000 jaar oud is vanweë die natuurlike behoefte daaraan. Volgens Van Oosterzee (1895:400) is die eis dat elke leerrede 'n opsetlike inleiding moet hê, so natuurlik dat hy dit bykans onnodig ag om die inleiding te verdedig.

Daar is reeds gewys op Cicero se verwysing na die natuur in sy verdediging van die *exordium*. Chrysostomus het die inleiding eweneens verdedig met verwysing na die natuur: daar bestaan geen liggaam sonder 'n hoof nie; daarom is 'n redevoering sonder 'n inleidende woord ondenkbaar. Phelps (1910:221) praat in dieselfde trant van die inleiding:

"To omit it would be scarcely less unnatural than day without a dawn..."

Ongelukkig is hierdie natuurlikheid van die inleiding, en dit in sy dubbele sin, al dikwels in die verlede (dink maar net hier onder andere aan Karl Barth) as homileties verkeerd probeer bewys. Volgens hom het die inleiding se aansluiting by die natuur, of iets sekulêrs, tot gevolg dat die Woord skade ly. Hy het egter vergeet dat die Woord self dikwels van die natuurlike gebruik maak om die transendente Boodskap tuis te bring. 'n Mens kan hier maar net dink aan die preekmetode van Jesus Christus en die apostels, waarby reeds stilgestaan is.

Gelukkig het baie teoloë al kapsie gemaak teen hierdie onnatuurlike en onteologiese onderwaardering van die natuurlike. De Jager (1952:96), byvoorbeeld, beweer tereg dat wat menslik en natuurlik is nie minder uit God is as die genade nie. Alleen die sonde is nie uit God nie.

Die inleiding is natuurlik belangrik ... die eerste indrukke dra mos oral die blywende gewig!

10.2 Esteties

'n Goeie inleiding is mooi, in die goeie sin van die woord. En daar is niks mee verkeerd om die diens van God se Woord esteties, maar sober, te tooi nie. Drink ons ons nagmaalwyn miskien uit konfytblikke, gooi ons ons erediens-offergawes in 'n skoendoos, hang daar 'n goingsak voor die kansel?

God self het die mooi geskape (Gen 1:31). Die prediker mag ryklik hieruit put. 'n Mooi begin is deel van die lewe. Die eerste paar note van 'n simfonie of opera is van die grootste belang. 'n Gebou het gewoonlik een of ander portaal en 'n musiekstuk een of ander voorspel (Dijk 1955:176). Waarom het radioprogramme kenwysies en televisiedramas logo's?

Die preek moet liefers nie stroomop wees in hierdie opsig nie. "De aesthetica eischt, dat de preek, als kunstwerk, een afgerond geheel zal vormen. Een abrupt begin is evenals een hiaat schrijnend voor het schoonheidsgevoel" (Hoekstra1975L418). Predikers benodig die kunstenaar (digter, skilder, musikant, ensovoorts) se manier om dinge raak te sien ten einde dit self ook kunstig te kan doen.

10.3 Lewensegtheid

Die prediking moet lewenseg wees, en die inleiding bied uitnemende moontlikhede om sommer lewenseg te begin. Sê Furet (1973:53) dan nie dat die sin van die prediking juis is dat God in die lewens aan die woord moet kom nie? Dit is juis 'n gebrek aan lewensegtheid wat een van die kernpunte van die kritiek teen die hedendaagse prediking is.

Lewis & Lewis (1983:25) kritiseer die prediking op hierdie punt: The people are the only reason for preaching. Too many preaching books and sermons seem to have lost this focus. Henau (1976:22) skryf die dikwelse irrelevansie van die verkondiging toe aan 'n gebrek aan inspelings op die denkwêreld en verwagtingspatroon van die toehoorder. Jonker (1976:11) soek die oorsaak van die preekfrustrasie in dieselfde area: "Te veel kere moes hulle uit die kerkdiens terugkeer met die gevoel dat daar eintlik niks gebeur het en gesê is, wat 'n mens se hart geraak het nie. Alles was maar soos dit vooraf voorspel kon word: dieselfde gedagtes, dieselfde woorde, dieselfde algemeenhede wat oor 'n mens heengaan sonder dat dit jou werklik tot iets verplig; dieselfde atmosfeer van lewensvreemdheid en groot woorde wat ons konkrete aardse bestaan so weinig raak.

10.4 Illustratief

Die illustratiewe waarde van die preekinleiding hang nou saam met die lewensegtheid daarvan. Die inleiding help illustreer hoe lewenseg die Woord is. Cleland (1965:45) interpreteer laasgenoemde bipolariteit in die volgende woorde: The Word of God is bifocal. It has its head in the heavens, but its feet are on the ground." Dit is hier waar illustrasies, soos Jesus dit ook in sy Woordbediening gebruik het, inkom. Illustrasies vorm eintlik die waterskeiding tussen twee preekvorme. "In Russian Caucasia one can see strange-looking houses. They are built like a tower, solid, substantial, and lofty, but without a window. In California I have seen a hilltop house constructed almost entirely of glass. The Russian house and

the Californian house represent two extremes in architecture - and also two extremes in styles of preaching. There are sermons which are solid, substantial and orderly, but which have no window of illustration. Then there are sermons which consist almost entirely of illustrations and lack the solid substance of truth. In between these extremes lies the golden mean of preaching. (Macartney 1946:31).

Hierdie voorliefde van die mens om sy visuele sintuig te gebruik word deur baie ander raakgesien. Whitesell & Perry (1954:111) verwoord hierdie wesenstrek van die mens statisties. Die feit dat 85% van die kennis wat die mens opdoen, via die oë geabsorbeer word, beklemtoon opnuut die waarde van goeie preekillustrasies. Ook Henau (1976:87) beklemtoon die moderne mens se behoefte aan illustrasies:

“De hedendaagse mens is beeldhongerig.” Pieterse (1985:162) bring dit in verband met die preek: “Die prediking is nie net ’n hoorgebeure nie, maar ook ’n visuele gebeure.”

Ons mag egter nie die ander sintuie in die prediking ten koste hiervan verwaarloos nie. Die gevolg van so ’n verenging is monosensoriese prediking. Gepaard met die *monologiese etiket* wat reeds om die prediking gehang word, laat dit mense die preek nog meer as ’n isolasie beleef. Die prediker kan hierdie tendens beveg deur lewensegte, sensoriese taal in sy preekinleidingillustrasies te gebruik. Deur byvoorbeeld te praat van die *bedelaar met die skuurpapierbaard*, betrek hy meer as een sintuig. Die prediking is immers gerig op die hele mens. Daar mag egter nie vergeet word nie: beeldlose teksprediking dryf mense op die lange duur uit die kerk, maar tekslose beeldprediking jaag mense op die kort termyn in die harnas.

Hier word afgesluit met ’n kwalifikasie: wat hierbo in wye verband gesê is oor illustrasies, moet gebrandglas word op die preekinleiding. Dit beteken dat illustrasies so ver as moontlik beperk moet word tot die preekinleiding self. Dit help om die Woord sy vrye gang te gee na die skopusaankondiging. Ook dien dit die eenheid van die preek, jets waarop Barth baie gesteld was. ’n Klomp illustrasies in die preek self kan verwarrend wees.

10.5 Psigies

Jones (1958:137) bring illustrasies in verband met die psigiese samestelling van die mens: "Illustrations are essential because of the way the human mind functions. Abstract statements of truth, detached from the practical experiences of real people in live human situations, have little power to convince ordinary minds." Miskotte (1983:229) koppel ook die inleiding met die psige van die mens wanneer hy vra hoe mens sou kon spreek sonder 'n aanknopingspunt in psigologiese sin, wat nie in dieselfde vlak as die teologiese vraagstuk van die volstreekte, kreatiewe vrymag van Gods genade gesien kan word nie.

Die illustratiewe inleiding is 'n psigiese hulp vir beide hoorder en prediker. Hoekstra (1975:420) sê hoeka: "De meeste hoorders zijn niet in staat zich plotseling en een hun tot dusver vrij onbekend onderwerp te verplaatsen. Velen kunnen zonder praeparatie geen vat aan het onderwerp krijgen, den gang van het betoog niet volgen en het geheel van de rede niet in zich opnemen. Wanneer echter het te behandelen thema op doelmatige wijze wordt voorbereid en door de inleiding van het meer bekende tot het minder bekende wordt voortgeschreden, is aan een van de voorwaarden voor doelmatige apperceptie voldaan." Selfs al het die preektema nie 'n inleiding nodig nie, het die hoorders dit wel nodig. Ook Baird (1968:68), Daane (1980:73) en Claude (1806:125) beklemtoon, soos Hoekstra, die belangrikheid van die inleiding om die hoorders psigies voor te berei vir die preek. Blackwood (1947:101) illustreer waarom:

The introduction is necessary; also, for the thoughtful hearer. He would prefer to be an eager seer. If he goes to the observatory at night he says to the astronomer in charge of the telescope, 'Before I look at the rings of Saturn, please tell me what I am about to see.'

Die inleiding is ook 'n psigiese hulp vir die prediker self. Terwyl hy sy inleiding op die kansel lewer, kom hy so opnuut binne die kragveld van die Woord, soos vergestalt in sy preek. Daarby kan dit die hoorders help om op dieselfde psigiese frekwensie as hy te kom, natuurlik sonder om te sug na hul goedgegunstigheid.

10.6 Struktureel

Litfin (1986:226,227) wys op die strukturele waarde van die inleiding: "The first and the last things you say will often overshadow most of what falls in between. Thus a well supported structure throughout the body of the speech can suffer irreparable harm from a poor introduction and weak conclusion." Hy glo dat die tradisionele indelings (inleiding, liggaam en slot) 3 000 jaar al 'n geykte en natuurlike struktuur vir 'n toespraak en preek is. So help dit dinge gerieflikheidshalwe uitmekaar hou ten einde verwarring teen te werk.

10.7 Kommunikatief

Al bogenoemde pluspunte van die inleiding werk mee tot dit waarom dit in die preekgebeure gaan: kommunikasie. Volgens Kellerman (1978:161) is die inleiding, wat reg hanteer word, onontbeerlik vir effektiewe kommunikasie in die prediking. Die Woord is immers aan dieselfde kommunikasiereëls as ander woorde gebonde (Henau 1976:22).

In die lig van bostaande groot waarde van die inleiding, soos deur talle homilete toegejuig, is die relatiewe verwaarlosing van die inleiding in die Homiletiek te betreur. Dat Lerle (1972) se *Die Einleitung der Predigt* die enigste geskrif tot op hede is wat, sover vasgestel kan word, in sy geheel oor die preekinleiding handel, is ongelooflik. Gemelde werk beslaan dan ook maar net 'n skamele 59 bladsye. Geen wonder nie dat Jones (1958:154) konkludeer dat die preekinleiding (en -slot) ongetwyfeld en deurlopend die swakste deel van die gemiddelde preek is. Hiermee word nie gewaan dat 'n goeie inleiding 'n goeie preek waarborg nie, maar saam met Kennedy (1983:58) word die teendeel as die waarskynlike beskou: "... but it is obvious that a poor beginning may very well sabotage what was otherwise a good sermon."

Tien uit tien vir die preekinleiding!

Bibliografie

ANTHONY M

1981. *Handbook of small business advertising*. Massachusetts : Addison-Wesley.

ARISTOTELES

1975. *The art of rhetoric, Vol I, II & III*, ed by GP Goold, Cambridge : Harvard University Press. (The Loeb classical library.)

BAIRD J E

1968. *Preparing for platform and pulpit*. Nashville : Abingdon.

BARKEY WOLF A G

1986. *Vensters in de preek: Een pleidooi voor het gebruik van illustraties in de prediking*. Franeker : Wever.

BARTH K

1966. *Homiletik: Wesen und Vorbereitung der Predigt*. Zürich : EVZ.

BLACKWOOD A W

1947. *The fine art of preaching*. New York : MacMillan.

BLACKWOOD A W

1948. *The preparation of sermons*. New York : Abingdon-Cokesbury.

BLOK L

[sa]. *Preken in onderscheiden situaties*, in : Van der Graaf sa: 111 -119.

BOGART L

1967. *Strategy in advertising*. New York : Harcourt, Brace & World.

BRILIOTH Y

1965. *A brief history of preaching*. Philadelphia : Fortress. (Preacher's paperback library.)

BUNZASN T

1986. *Use your memory*. London : BBC.

BUTTRICK D

1987. *Homiletic: Moves and structures*. Philadelphia : Fortress.

CHARNLEY M V

1975. *Reporting*. 3rd ed. New York : Holt, Rinehart & Winston.

CICERO

1969. *De oratore*, Vol I & II, ed by T E Page. London : Heinemann. (The Loeb classical library).

CICERO

1969. *De inventione*; *De optima genere oratorum*; *Topica*, ed by T E Page. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)

CLAUDE J

1806. *Essay on the composition of a sermon: With alterations and improvements*. 3rd ed. Cambridge : Watts.

CLELAND J T

1965. *Preaching to be understood*. New York : Abingdon.

DAANE J

1980. *Preaching with confidence: A theological essay on the power of the pulpit*. Grand Rapids : Eerdmans.

DARGAN EC

1974a. *A history of preaching*. Vol I, From the apostolic fathers to the great reformers (AD 70-1572). Grand Rapids : Baker.

DARGAN E C

1974b. *A history of preaching*. Vol 2, From the close of the reformation period to the end of the nineteenth century (AD 1572-1900). Grand Rapids : Baker.

DE BEER A S (red)

1982. *Joernalistiek vandag*. Kaapstad : Tafelberg.

DE JAGER H W

1952. *Kategeet en prediker in die aangryping deur die Woord*. Kaapstad : HAUM.

DE KLERK J J

1977. *Prediking*. Pretoria : N G Kerkboekhandel.

DIJK K

1955. *De dienst der prediking*. Kampen : Kok.

DREYER T F J

1974. *JJ van Oosterzee as homileet (1817-1882)*. Utrecht : Elinkwijk.

ENGEL J

1980. *Advertising: The process and practice*. New York : McGraw-Hill.

FIRET J

1973. Het homiletiese proses. *Rondom het Woord* 4, 52-69.

HAY E J

1988. *Enkele didaktiese grondbeginsels as onderbou vir die prediking*. D Ed-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

HENAUE

1976. *Inleiding tot de praktiese homiletiek*. Abdijs: Werkgroep voor levensverdieping. (Cahiers voor levensverdieping.)

HOEKSTRA T

1975. *Gereformeerde homiletiek*. Amsterdam : Ton Bolland.

JONES I T

1958. *Principles and practice of preaching*. London : Independent Press.

JONKER H, JJ BUSKES, J VAN DIJK, B VAN GINKEL,
& P LUGTIGHEID

[sa]. *Aktuele prediking*. Nijkerk : Callenbach.

KELLERMAN J S

1978. *Vormgewing van die prediking as kommunikasieprobleem*. DTh-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

KENNEDY G A

1980. *Classical rhetoric and its Christian and secular tradition from ancient to modern times*. London : Croom Helm.

KENNEDY GA

1983. *Greek rhetoric under Christian emperors*. Princeton : Princeton University Press.

KNOETZE T

1982. *So word 'n berig geskryf*, in De Beer 1982:44-59.

LERLE E

1972. *Die Einleitung der Predigt: Eine homiletische Untersuchung*. Stuttgart : Calwer.

LE ROUX E

1967. *1844*. Kaapstad : Human & Rousseau.

LEWIS RL & LEWIS G

1983. *Indictive preaching: Helping people listen*. Westchester : Crossway.

LITFIN AD

1986. *Public speaking: A handbook for Christians*. Grand Rapids : Baker.

MACARTNEY KH

1973. *Preaching without notes*. New York : Abington-Cokesbury.

MISKOTTE KH

1973. *Om het levende Woord: Opstellen over de praktijk der exegese*. Kampen: Kok.

NOETH GJ

1988. *Swot met totale geheue en presteer met 'n supergeheue: Handleiding oor studiemetodes*. Diktaat, Bloemfonteinse Onderwyserskollege.

PHELPS A

1910. *The theory of preaching*. New York : Scribner.

PICARD JH

1970. *Reklame vir die sakeman*. Kaapstad : HAUM.

PIETERSE, H J C

1979. *Skrifverstaan en prediking: Die verhouding van Woordgebeure en verstaansgebeure by Gerhard Ebeling as antwoord op die nood van die prediking*. Pretoria : N G Kerkboekhandel.

PIETERSE HJC

1985. *Verwoording en prediking*. Pretoria : N G Kerkboekhandel.

PIETERSE HJC

1988. *Die Woord in die werklikheid*. Pretoria : N G Kerkboekhandel.

QUINTILIANUS

1933. *Institutio oratoria*, Vol I, II & III, ed by T E Page. London : Heinemann, (The Loeb classical library.)

ROBINSON BW

1904. *Some elements of forcefulness in the comparisons of Jesus*. Chicago : University of Chicago press.

RYAN, M & JW TANKARD (jr)

1077. *Basic news reporting*. Palo Alto : Mayfield.

SANGSTER WE

1972. *The craft of the sermon*. London : Epworth.

VAN DER MERWE AE

1986. *Die outeursvisie in enkele en meervoudige romans*. MA-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

VAN DER STOEP F & WJ LOUW

1979. *Inleiding tot die didaktiese pedagogiek*. Pretoria : Academica.

VAN DER STOEP, F & OA VAN DER STOEP

1968. *Didaktiese oriëntasie*. Pretoria : Academica.

VAN OOSTERZEE JJ

1895. *Praktische teologie: Een handboek voor jeugdige Godgeleerden*, Deel I. Utrecht : Kemink.

WESTLEY BH

1980. *News editing*. 3rd ed. Boston : Houghton Mifflin.

WHITESELL FD & PERRY LM

1954. *Variety in your preaching*. Westwood : Revell.